KERKREGTELIKE STAPPE TYDENS BEROEPING EN BEVESTIGING VAN 'N NUWE LERAAR

STAP 1: FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID VAN LERAARSPOS: Die Kerkraad moet die Ringskommissie (RK) oortuig van die finansiële volhoubaarheid van die leraarspos VOORDAT beroep kan word (Reglement 13 pt 2.3). Skriftelike goedkeuring van die Ring hiervoor moet verkry word VOOR beroepsvergadering kan plaasvind.

STAP 2: BEROEPSBRIEF: Die Kerkraad moet VOOR die beroepsvergadering 'n beroepsbrief opstel wat TYDENS die vergadering geteken moet word. Alle besonderhede wat vooraf beskikbaar is, verskyn dan reeds op die beroepsbrief. Tydens die vergadering word net die beroepene se naam ingevul (of enige veranderinge indien nodig). Die Kerkorde bepaal dat die Ring die kerkraad moet adviseer oor die opstel van die beroepsbrief (Reglement [R] 12 pt 5.2).

STAP 3: BEROEPSVERGADERING:

- Die Kerkraad moet die datum van die beroepsvergadering koördineer met die RK se verteenwoordiger wat die vergadering namens die Ring moet bywoon (Geïmpliseer deur R12 pte 2.2.2; 4.8.3; 5.2; en 7.3.3).
- Die Kerkraad besluit hoeveel Sondae (en watter Sondae) gaan die datum van die beroepsvergadering aangekondig word (gewoonlik 2 Sondae).

STAP 4: AKSIES NET NA BEROEPSVERGADERING:

- Iemand moet dadelik na die beroepsvergadering, namens die Kerkraad, aan die beroepene kennis gee van die beroep. (R12 pt 6.1)
- Iemand moet so gou moontlik na die beroepsvergadering, namens die Kerkraad, aan die Kerkbode kennis gee van die beroep. (R12 pt 6.2)
- Die Kerkraad moet twee Sondae na die beroepsvergadering aan die gemeente aankondig van die beroep. (R12 pt 7.1)

STAP 4: GOEDKEURING VAN BEROEP:

- Na twee Sondae se aankondiginge en 'n verdere 24 uur vir besware, word die volgende SES stukke eers RK toe gestuur vir goedkeuring (R12 pt 7.1 – 7.3), VOORDAT die beroepsbrief uitgestuur kan word (R12 pt 2.2 en pt 7.6)

- SES stukke (R12 pt 7.3.1 – 7.3.6):
    + Skriftelike bevestiging van die Algemene Steunspan Predikantesake dat die beroepene na ’n gemeente van die Kerk beroepbaar is (***bevoegdheid*** het).
    + Skriftelike bevestiging van die beroepene se huidige gemeente dat die persoon ***lidmaat is.***
    + Skriftelike bevestiging van die verteenwoordiger van die ring tydens die beroepsvergadering dat die ***korrekte kerkordelike prosedures gevolg*** is met die uitbring van die beroep.
    + Die voltooide beroepsbrief behoorlik onderteken deur die gevolmagtigdes van die kerkraad.
    + Skriftelike bevestiging van die huidige ring onder wie se opsig die beroepene staan, dat daar ***geen tug*** en/of dissiplinêre ondersoek teen die beroepene ***hangende*** is nie en/of dat die persoon beroepbaar is
    + Bevestiging deur die beroepende vergadering dat ***geen wettige beswaar*** teen die beroep uitgebring is nie.
- Die verkryging van bg dokumente kan ‘n paar dae neem en sodoende die versending van die Beroepsbrief ietwat vertraag en so ook die datum waarop die beroep se antwoord ontvang sal word.

STAP 5: VERSENDING VAN BEROEPSBRIEF: Na die RK se goedkeuring ontvang is, kan die beroepsbrief uitgestuur word. (R12 pt 2.2.2)

STAP 6: DIENSOOREENKOMS:

- Nadat die beroep aangeneem is moet ‘n diensooreenkoms opgestel word (R12 9.1). Riglyne vir ‘n diensooreenkoms word in R12 pt 9.2 aangedui.
- Die finale diensooreenkoms moet deur die Ring goedgekeur word voor bevestiging kan plaasvind (R12 pt 9.3).
- Nadat die RK die diensooreenkoms goedgekeur het, moet dit deur beide partye onderteken word voor bevestiging kan plaasvind (R12 9.3).

STAP 7: BEVESTIGING:

- Voor bevestiging kan plaasvind moet die Kerkraad die volgende 4 stukke aan die RK stuur (R12 pt 10.1.1.1 -10.1.1.4):
    + ’n Afskrif van die getekende dienskontrak.

+ ’n Afskrif van die beroepene se *Akte van Demissie* uit die vorige werkkring óf die *Akte van Legitimasie* in die geval van ’n proponent wat beroep is.
+ ’n Afskrif van die beroepene se attestaat van die vorige gemeente wat by die beroepende gemeente ingedien is.
+ ’n Skriftelike bevestiging van die pensioenkantoor dat die beroepene se pensioen in orde is.

- Nadat die RK skriftelik bevestig het dat aan die Kerkordelike vereistes voldoen is, kan die bevestiging plaasvind (R12 pt 10.1.2).
- Die verkryging van bg dokumente kan ‘n paar dae neem en sodoende die bevestiging ietwat vertraag.

STAP 8: NA BEVESTIGING:

- Die Kerkraad stel die Ring, die Algemene Steunspan Predikantesake en die Kerkbode in kennis van die bevestiging met vermelding van die volgende inligting (R12 pt 10.8):
  + Biografiese besonderhede van die nuwe leraar.
  + Sy vorige gemeente/werkkring.
  + Datum van bevestiging.
  + Nuwe gemeente se naam.
  + Wie die bevestiging waargeneem het.
  + Verandering van bevoegdheid, indien wel.
- Indien ‘n proponent bevestig is (R12 pt 10.9):
  + Versoek die Sinodale kantoor om aansoek te doen dat die nuwe leraar as huweliksbevestiger aangestel kan word.
  + Versoek die Skriba van die Moderamen (dr Carin van Schalkwyk) om aan die nuwe leraar ‘n Akte van bevestiging uit te reik.